PAUL ROOS
GIMNASIUM – GYMNASIUM

Kleurebeleid en -kriteria

2019

Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe 2
Voorwoord 4
1. Samestelling van die kleurekomitee 4
2. Die doel van die kleurekomitee 4
3. Vergaderings van die kleurekomitee 5
4. Erkende Skoolaktiwiteite 5
5. Nie-skool Aktiwiteite 6
6. Toekennings 6
7. Algemene Riglyne vir kleuretoekenings 6
8. Prosedures vir toekennings 7
9. Toegang tot die Kleurebeleid en -kriteria 8
10. Erekode / Honor code 10
11. Kriteria 11
Sportaktiwiteite/Sport Activities 11
ATHLETICS 11
BERGFIETSRY 11
GOLF 12
HOKKIE 12
CRICKET 12
LANDLOOP 13
SQUASH 13
RUGBY 13
RUGBY SEWES 14
CHESS 14
SOKKER 14
SWIMMING 14
TENNIS 15
WATERPOLO 15
Kultuuraktiwiteite/Culture Activities 15
DEBAT 15
DEBATING 16
ORKES / KOOR/ SANGGROEP / DRUMLINE 16
KUNSWEDSTRYD / EISTEDDFOD 17
MUSIEK/MUSIC 17

REDENAARS 18
TONEEL 18
ORATORY 18
Akademiese Aktiwiteite / Academic Activities 19
AKADEMIE 19
EXPO 19
OLIMPIADES 20
MATHEMATICS 20
AANHANGSEL A: Deel A 21
AANHANGSEL A: Deel B 22
AANHANGSEL B 23

Voorwoord

Hierdie dokument bevat die riglyne vir die toekenning van Paul Roos Gimnasium half,- vol- en erekleure. Kleure word toegeken om aan leerders erkenning te gee vir prestasies wat op akademiese, kulturele en sportgebied behaal is. Die doel van die toekenning is om betrokkenheid by amptelike skoolaktiwiteite te bevorder.

Hierdie is Paul Roos Gimnasium-toekennings en die kriteria word alleenlik deur Paul Roos Gimnasium bepaal. Die toekennings is onderhewig aan die Paul Roos Gimnasium gedragskode en die toekenning mag teruggetrek word indien 'n leerder nie die gedragskode van die skool gehoorsaam nie.

1. Samestelling van die kleurekomitee

Die kleurekomitee bestaan uit die volgende:

1.1. 'n Voorsitter (Adjunkhoof)

1.2. Die hoof van Sport

1.3. Die hoof van Kultuur

1.4. Die hoof van Akademie

1.5. 'n Ervare PRG-onderwyser

1.6. 'n Onderwyser wat die leerders verteenwoordig

1.7. Die hoofde van Dissipline

1.8. Die hoof van Bemarking

1.9. 'n Sekretaris/Sekretaresse

1.10. Alle hoofde van aktiwiteite

2. Die doel van die kleurekomitee

2.1. Om kleure toe te ken vir sport-, akademie- en kultuurprestasies.

2.2. Die volgende kleure word toegeken:

2.2.1 Halfkleure

2.2.2 Volkleure

2.2.3 Erekleure

2.3 Om besluite te neem t.o.v. die kleredrag van bogenoemde kleure-toekennings

2.4 Om besluite te neem t.o.v. skool-, sport/kultuur- en algemene drag

2.5 Om besluite te neem t.o.v. amptelike lapelwapens

3. Vergaderings van die kleurekomitee

3.1 Vergaderings vind vier keer per jaar plaas.

3.2 Nominasies vir kleuretoekennings moet die Vrydag voor die vergadering by die Sporthoof/Kultuurhoof/Akademiese hoof ingehandig word.

3.3 Datums vir nominasies, vergaderings en toekenningsgeleenthede word deur die Sporthoof bepaal, op die jaarkalender aangebring en aan betrokkenes gekommunikeer.

4. Erkende Skoolaktiwiteite

Betrokkenheid in die volgende aktiwiteite vind in skoolverband plaas en word dus amptelik deur die skool erken.

Nommer	**Sportaktiwiteit**	**Naam van aktiwiteit op das**
S1	Atletiek	ATLETIEK/ATHLETICS
S2	Bergfietsry	BERGFIETSRY/MOUNTAIN BIKING
S3	Gholf	GHOLF/GOLF
S4	Hokkie	HOKKIE/HOCKEY
S5	Krieket	KRIEKET/CRICKET
S6	Landloop	LANDLOOP/CROSS-COUNTRY
S7	Muurbal	MUURBAL/SQUASH
S8	Rugby	RUGBY
S9	Rugby Sewes	RUGBY SEWES/RUGBY SEVENS
S10	Skaak	SKAAK/CHESS
S11	Sokker	SOKKER/SOCCER
S12	Swem	SWEM/SWIMMING
S13	Tennis	TENNIS
S14	Waterpolo	WATERPOLO/WATER POLO

Nommer	**Kultuuraktiwiteit**	**Naam van aktiwiteit op das**
K1	Debat	DEBAT
K2	Debating	DEBATING
K3	Koor	KOOR/CHOIR
K4	Kunswedstryd/ Eisteddfod	MUSIC/MUSIEK OF DRAMA OF KOOR/CHOIR OF ORKES/ORCHESTRA OF DRUMLINE
K5	Musiek	MUSIEK/MUSIC
K3	Orkes	ORKES/ORCHESTRA
K6	Redenaars	REDENAARS
K3	Sanggroep	SANGGROEP/SINGING GROUP
K7	Toneel	TONEEL
K8	Oratory	ORATORY

Nommer	**Akademie**	**Naam van aktiwiteit op das**
A1	Akademie	AKADEMIE/ACADEMICS
A2	Expo	EXPO

A3	Olimpiade/Olympiad	OLIMPIADE/OLYMPIAD
A4	Wiskunde/Mathematics	OLIMPIADE/OLYMPIAD

5. Nie-skool Aktiwiteite

5.1 Vir ‘n kleuretoekening in ‘n nie-skool aktiwiteit om toegeken te word, moet ‘n skriftelike aansoek aan die kleurekomitee ingedien word. ‘n Leerder moet Aanhangsel B invul en nodige bewyse aanheg.

5.2 Gr 8-12 leerders wat op ‘n nasionale vlak in ‘n nie-skool aktiwiteit presteer kan aansoek doen vir halfkleure.

5.3 ‘n Graad 12 leerder wat in die hoogste ouderdomsgroep van ‘n nie-skool aktiwiteit op nasionale vlak presteer, kan in aanmerking kom vir volkleure.

5.4 Die toekenning is onderhewig aan die betrokkenheid van die aansoeker in ‘n skoolaktiwiteit.

5.5 Die toekenning van half- en of volkleure vir ‘n nie-skoolaktiwiteit is onderhewig aan goedkeuring van die kleurekomitee.

5.6 Die benaming van ‘n nie-skool aktiwiteit vir borduring op die das of baadjie is onderhewig aan die besluit van die kleurekomitee.

6. Toekennings

‘n Volkleure baadjie mag slegs met uitstapdrag en ’n blou- of matriekdas gedra word.

Toekenning	**Sertifikaat**	**Klere**	**Borduurwerk**
6.1 Halfkleure	Sertifikaat	Blou das	Naam van aktiwiteit in goue hoofletters onder die skoolwapen op die das
6.2 Volkleure	Sertifikaat	Blou das Blou baadjie	Naam van aktiwiteit in goue hoofletters onder die skoolwapen op die das Naam van aktiwiteit in goue hoofletters onder die goue skoolwapen op die baadjie
6.3 Erekleure	Sertifikaat	Blou das Blou baadjie	Naam van aktiwiteit in goue hoofletters onder die skoolwapen op die das Naam van aktiwiteit in goue hoofletters onder die skoolwapen op die baadjie Loerierkrans in goud om die goue skoolwapen
6.4 Promerito	Sertifikaat	Brons-, silwer- of goue lapelwapen	

7. Algemene Riglyne vir kleuretoekenings

7.1 Kleure word slegs toegeken aan huidige PRG-leerders.

7.2 Halfkleure kan aan Gr 8 – 12 leerders toegeken word.

7.3 Volkleure kan slegs aan Gr 11 -12 leerders toegeken word.

7.4 Erekleure kan slegs aan Gr 11 – 12 leerders toegeken word.

7.5 Vir spesiale toekennings moet daar aansoek gedoen word, gebruik Aanhangsel A.
Die doel van 'n spesiale toekenning is om leerders te beloon vir 'n besonderse prestasie waarvoor daar geen kriteria bestaan nie. 'n Spesiale toekenning kan half-, vol- of erekleure wees, soos besluit deur die kleurekomitee.

7.6 Kleure word nie terugwerkend toegeken nie.

7.7 Toekennings sal slegs gemaak word indien leerders die skool verteenwoordig in die relevante aktiwiteite, behalwe as die skool glad nie 'n verwante aktiwiteit aanbied nie.

7.8 Die meerderheid van die komitee moet 'n kodehoof se aanbeveling ondersteun vir 'n spesiale toekenning om goedgekeur te word.

7.9 Indien 'n kleuretoekening afgekeur is, kan 'n vertoë aan die Rektor gerig word.

8. Prosedures vir toekennings

8.1 Aansoek vir toekenning

8.1.1 Sperdatum vir nominasies/aansoeke word deur die voorsitter aangekondig

8.1.2 Die toepaslike aansoekvorm word volledig ingevul:

Skoolaktiwiteite: Aanhangsel A:Deel A (die kodehoof)
Kodehoof is verantwoordelik om te verseker dat alle name korrek gespel is en dat die taal van die leerder korrek aangedui is.
Nie-skoolaktiwiteite: Aanhangsel B (die leerder)
Promerito: Aanhangsel C (betrokke onderwyser)

8.1.3 Indien meer as een leerder vir dieselfde kriteria kleure ontvang, kan 'n lys van leerders aangeheg word: Aanhangsel A:Deel B

8.1.4 Bewyse van die prestasie moet saam met die aansoek ingedien word. Voorbeelde van aanvaarbare bewyse sluit in:

a) Amptelike e-pos van offisiële liggaam
b) Sertifikate/uitslae van offisiële liggaam
c) Afskrif van 'n offisiële webwerf waarop resultate verskyn
d) Foto's van leerders by 'n offisiële prysuitdeling.

8.1.5 In die geval van **groepstoekennings** soos by Toneel/Orkes/Koor, moet beide bywoning en gesindheid deur die kodehoof van die aktiwiteit afgeteken word.

8.1.6 Die voltooide aansoekvorms word ingedien by:

a) Sportaktiwiteite na die Sporthoof
b) Kultuuraktiwiteite na die Kultuurhoof
c) Akademiese prestasies na die Akademiese hoof

8.2 Sporthoof, Kultuurhoof en Akademiese hoof maak opsomming van alle aansoeke en sirkuleer aan graadhoofde voor die kleurekomiteevergadering vir dissiplinêre goedkeuring.

8.3 Die komitee vergader en maak 'n aanbeveling vir finale goedkeuring aan die Rektor

8.4 Name van leerders word aan die hoof van die kleurekomitee oorhandig vir die druk van die sertifikate.

8.5 Die sertifikate word by die gepaste toekenningsgeleentheid uitgedeel. Daar sal vier geleenthede wees vir die uitdeel van toekennings:

8.5.1 Akademiese Gala-aand (slegs akademiese kleure)
8.5.2 Somertoekenningssaal (begin April)
8.5.3 Wintertoekenningssaal (einde Augustus)
8.5.4 Prysuitdeling (Oktober)
- Erekleure
- Goue Promerito

8.6 Indien die uitslae van 'n betrokke aktiwiteit eers na afloop van die voorafbepaalde toekenningsgeleenthede (8.4.3) bekend gemaak word, sal 'n alternatiewe geleentheid geskep word.

9. Toegang tot die Kleurebeleid en -kriteria

9.1 Die kleurebeleid en -kriteria moet by elke vergadering aan alle lede beskikbaar wees.

9.2 Die kleurebeleid en -kriteria sal een keer per jaar, tydens die laaste sitting van die kleurekomitee, hersien word.

9.3 Indien daar veranderinge aan die kleurebeleid of –kriteria gemaak word, sal kleure nie terugwerkend toegeken word nie.

9.4 Die meerderheid van die komitee moet saamstem om enige veranderinge aan die kleurebeleid of -kriteria te maak.

9.5 Die volledige kleurebeleid of -kriteria sal op die skool se webwerf beskikbaar wees.

9.6 Enige voorstelle vir veranderinge aan die kleurebeleid of -kriteria moet ‘n week voor die vergadering aan alle lede van die komitee gesirkuleer word.

10. Erekode / Honor code

Erekode

Uit diepe dankbaarheid aan, en in nederige erkentlikheid teenoor my Skepper vir die gawes aan my gegee uit genade, **onderneem** ek hiermee **plegtig** om:

Hierdie toekenning van vol- en of halfkleure deur die Paul Roos Gimnasium te alle tye te **beskou**, as 'n besonderse hoë **eer** en voorreg wat my te beurt geval het;

'n volgehoue en 'n gesonde **belangstelling** in die **besondere** aktiwiteit te handhaaf en sodoende deur my voorbeeld dit uit te bou en ook andere aan te moedig tot deelname;

hierdie toekenning te **respekteer** deurdat my gedrag en optrede te alle tye só sal wees dat dit die goeie naam van my alma mater, Paul Roos Gimnasium nooit sal skaad nie en dat dit nooit afbreuk sal doen aan die hoë standaard van hierdie toekenning nie.

Code of honour

With deepest gratitude, and in humble acknowledgement of the talents bestowed on me by the grace of God, I hereby **solemnly undertake** the following:

To always **regard** this award of full – and/or half colours by Paul Roos Gymnasium as a special **honour** granted me;

To **nurture** a sustained healthy **interest** in this activity, and in so doing, to promote it and encourage others to participate;

To **respect** this award in terms of my behaviour, which will at all times be to the credit of my alma mater, Paul Roos Gymnasium and at all times do justice to the merit of this award.

Soos gelees by die toekenning van enige kleure

Uit diepe dankbaarheid aan, en in nederige erkentlikheid teenoor my Skepper vir die gawes aan my gegee uit genade, **onderneem** ek hiermee **plegtig** om:

Always **regard** this award of full – and/or half colours by Paul Roos Gymnasium as a special **honour** granted me;

'n volgehoue en 'n gesonde **belangstelling** in die **besondere** aktiwiteit te handhaaf en sodoende deur my voorbeeld dit uit te bou en ook andere aan te moedig tot deelname;

To **respect** this award in terms of my behaviour, which will at all times be to the credit of my alma mater, Paul Roos Gymnasium and at all times do justice to the merit of this award.

11. Kriteria

Sportaktiwiteite/Sport Activities

Nommer	Sportaktiwiteit	Naam van aktiwiteit op das
S1	Atletiek	ATLETIEK/ATHLETICS
S2	Bergfietsry	BERGFIETSRY/MOUNTAIN BIKING
S3	Gholf	GHOLF/GOLF
S4	Hokkie	HOKKIE/HOCKEY
S5	Krieket	KRIEKET/CRICKET
S6	Landloop	LANDLOOP/CROSS-COUNTRY
S7	Muurbal	MUURBAL/SQUASH
S8	Rugby	RUGBY
S9	Rugby Sewes	RUGBY SEWES/RUGBY SEVENS
S10	Skaak	SKAAK/CHESS
S11	Sokker	SOKKER/SOCCER
S12	Swem	SWEM/SWIMMING
S13	Tennis	TENNIS
S14	Waterpolo	WATERPOLO/WATER POLO

Die toekenning van kleure sal slegs oorweeg word indien die leerder Paul Roos Gimnasium in daardie kode verteenwoordig.

1 ATHLETICS

1.1 **Half Colours**

1.1.1 Represents (all age groups) the Regional Boland athletics team.

1.1.2 Represents a country other than South Africa.

1.2 **Full Colours**

1.2.1 Represents the Youth (17 years), Junior (19 years) or Senior Provincial Western Cape team.

1.3 **Honours**

1.3.1 Represents an official u18 South African team.

1.3.2 SA u/18 champion.

2 BERGFIETSRY

*Please note: Any other cycling discipline (i.e. road cycling, downhill, track cycling, endurance) will be classified as a non-school sport.

Voorwaardes:

75 % van skole liga wedrenne moet bygewoon word, om in aanmerking geneem word vir kleure-toekennings.

2.1 **Halfkleure**

2.1.1 Wenner by provinsiale XCO Kampioenskap of reeks (o/18 en o/16).

2.1.2 Wenner by provinsiale Maraton Kampioenskap of reeks (o/18 en o/16).
2.1.3 Top 3 by die Spur provinsiale liga (o/18 en o/16).

2.2 **Volkleure**
2.2.1 Top 3 by die nasionale XCO Kampioenskap (o/18)
2.2.2 Top 3 by die nasionale Maraton Kampioenskap (o/18)
2.2.3 Top 3 by die finaal van die Nasionale Spur Kampioenskap (o/18)

2.3 **Erekleure**
2.3.1 Algehele wenner by die SA Cup reeks, XCO – of Marathonkampioenskapreeks (0/18)
2.3.2 Verwerf SA Kleure (o/18)
2.3.3 SA Kwalifiserende verteenwoordiging by UCI Internasionale Kompetisie / Reeks.

3 GOLF

3.1 **Half Colours**
3.1.1 Represents a South African junior provincial team.
3.1.2 Represents a country other than South Africa.

3.2 **Full Colours**
Represents a South African u18 provincial team

3.3 **Honours**
3.3.1 Represents the u18 South African team

4 HOKKIE

4.1 **Halfkleure**
4.1.1 Verteenwoordig die Boland o/16A- en o18B-span.

4.2 **Volkleure**
4.2.1 Verteenwoordig die Boland 0/18 A-span.

4.3 **Erekleure**
4.3.1 Verteenwoordig die Suid-Afrikaanse 0/18A -span.

5 CRICKET

5.1 **Half Colours**
5.1.1 Represents a provincial team of another age group.
5.1.2 Represents a country other than South Africa

5.2 **Full Colours**
5.2.1 Represents a South African provincial 0/18A team.

5.3 **Honours**
5.3.1 Represents the SA 0/18A team.

6. LANDLOOP

6.1 **Halfkleure**
6.1.1 Verteenwoordig ‘n provinsiale (Boland) span (alle ouderdomsgroepe).
6.1.2 Verteenwoordig ‘n ander land buiten Suid-Afrika.

6.2 **Volkleure**
6.2.1 Verteenwoordig die Jeug (17 jaar), Junior (19 jaar) of Senior Provinsiale Wes-Kaapspan.

6.3 **Erekleure**
6.3.1 Verteenwoordig die 0/18 Suid-Afrikaanse span.
6.3.2 SA 0/18 kampioen.

7. SQUASH

7.1 **Half Colours**
7.1.1 Represents a South African provincial team in the U/14, U/15 or U/16 age groups.
7.1.2 Represents a country other than South Africa.

7.2 **Full Colours**
7.2.1 Represents an u/18A South African provincial team

7.3 **Honours**
7.3.1 Represents the U/18A South African team.

8 RUGBY

8.1 **Halfkleure**
8.1.1 Verteenwoordig ‘n 0/16 Suid-Afrikaanse provinsiale span.
8.1.2 Verteenwoordig ‘n ander land buiten Suid-Afrika.
8.1.3 Kwalifiseer vir die finale rondte Suid-Afrikaanse provinsiale 0/18 proewe nadat alle vorige rondtes gespeel is.

8.2 **Volkleure**
8.2.1 Verteenwoordig ‘n 0/18 Suid-Afrikaanse provinsiale span.

8.3 **Erekleure**
8.3.1 Verteenwoordig die Suid-Afrikaanse 0/18 span.

9 RUGBY SEWES

8.1 **Halfkleure**
8.1.1 Verteenwoordig ‘n ander land buiten Suid-Afrika.

8.2 **Volkleure**
8.2.1 Verteenwoordig ‘n 0/17 Suid-Afrikaanse provinsiale span.

8.3 **Erekleure**
8.3.1 Verteenwoordig die Suid-Afrikaanse 0/17 span.

10. CHESS

10.1 **Half Colours**
10.1.1 Represents a Cape Winelands 0/16 team.

10.2 **Full Colours**
10.2.1 Participates in all rounds and achieves a top 3 position in the 0/18 SA National Top Schools competition.
10.2.2 Represents the u/18 South African provincial team.

10.3 **Honours**
10.3.1 Represents the 0/18 South African national team.
10.3.2 Appears on the SA Grand Prix list for 2 consecutive years
10.3.3 Obtains a FIDE title.

11 SOKKER

11.1 **Halfkleure**
11.1.1 Verteenwoordig ‘n Cape Winelands span
11.1.2 Verteenwoordig die 1ste span vir ‘n volle 3 jaar (moet meer as 75% van alle 1ste span wedstryde speel en in die toerspan vir al drie jaar speel).

11.2 **Volkleure**
11.2.1 Verteenwoordig ‘n streeks- of provinsiale span by ‘n nasionale toernooi.
11.2.2 Verteenwoordig die 1ste span vir ’n volle 4 jaar (moet meer as 75% van alle 1ste span wedstryde speel en in die toerspan vir al vier jaar speel).

11.3 **Erekleure**
11.3.1 Verteenwoordig die SA o/18A span

12 SWIMMING

12.1 **Half Colours**
12.1.1 Competes at Level 3 National Age Group Championships.

12.2 **Full Colours**

12.2.1 Competes at the SA Youth or Senior National Championships.

12.3 **Honours**
12.3.1 Represents the South African u/18 team.

13 TENNIS

13.1 **Halfkleure**
13.1.1 Verteenwoordig 'n ander land buiten Suid-Afrika.
13.1.2 Verteenwoordig 'n ander provinsiale span as die o/18A span

13.2 **Volkleure**
13.2.1 Verteenwoordig die Suid-Afrikaanse provinsiale 0/18 A span.
13.2.2 'n Speler wat vir die eerste span deelneem aan ten minste drie spantoernooie (festivals) en twee interskole wedstryde gedurende die jaar

13.3 **Erekleure**
13.3.1 Verteenwoordig die Suid-Afrikaanse 0/18 span.

14 WATERPOLO

14.1 **Half Colours**
14.1.1 Represents a Boland junior team.
14.1.2 Represents a country other than South Africa.

14.2 **Full Colours**
14.2.1 Represents the Boland u19A team.

14.3 **Honours**
14.3.1 Selected for the South African u/18 team.

Kultuuraktiwiteite/Culture Activities

Nommer	Kultuuraktiwiteit	Naam van aktiwiteit op das
K1	Debat	DEBAT
K2	Debating	DEBATING
K3	Koor	KOOR/CHOIR
K4	Kunswedstryd/ Eisteddfod	MUSIC/MUSIEK OF DRAMA OF KOOR/CHOIR OF ORKES/ORCHESTRA OF DRUMLINE
K5	Musiek	MUSIEK/MUSIC
K3	Orkes	ORKES/ORCHESTRA
K6	Redenaars	REDENAARS
K3	Sanggroep	SANGGROEP/SINGING GROEP
K7	Toneel	TONEEL
K8	Oratory	ORATORY

1 DEBAT

1.1 **Halfkleure**

1.1.1 Top 8 by die semi-finaal van ATKV Nasionale Debat

1.1.2 Neem deel aan die finale debat by die provinsiale Dink of Sink kompetisie

1.1.3 Neem deel aan die finale debat van die WOW-debat provinsiale kompetisie

1.2 **Volkleure**

1.2.1 Verteenwoordig die Wes-Kaap (WP en Boland) by die ATKV-finaal te verteenwoordig

1.2.2 Neem deel aan die finale debat by die Nasionale Dink of Sink kompetisie

1.3 **Erekleure**

1.3.1 Aangewys as die beste debatteerder of taalgebruiker by 'n nasionale kompetisie (ATKV en Dink of Sink)

1.3.2 Wenners van die Nasionale ATKV- of Dink of Sink kompetisie

2 DEBATING

2.1. **Half colours**

2.1.1 Participates in the final round of the Boland Schools League

2.2 **Full Colours**

2.2.1 Represents the WP-team at the SA Championships

2.3 **Honours**

2.3.1 Appointed as the best speaker in a national competition

3 ORKES / KOOR/ SANGGROEP / DRUMLINE

Die volgende is groeptoekennings en daarom moet leerders 90% van alle oefeninge en optredes vir die kalenderjaar tot en met die prestasie bywoon. Hierdie toekennings moet deur die orkes/koor/sanggroep/drumlinebestuurder motiveer word.

3.1. **Halfkleure**

3.1.1 Top 3 van 'n streekskompetisie.
'n Leerder moet vir ten minste 2 agtereenvolgende jare deel van die orkes/koor/drumline wees om te kwalifiseer (slegs graad 10 -12 leerders)

3.1.2 Orkes, Sanggroep, Drumline: Aangewys as 'n kategoriewenner by die Tygerberg / Stellenbosch / Helderbergkunswedstryd.
'n Leerder moet vir ten minste 2 agtereenvolgende jare deel van die orkes/koor/drumline wees om te kwalifiseer (slegs graad 10 -12 leerders)

3.1.2 Koor: Aangwys as 'n kategoriewenner by die Tygerberg / Stellenboschkunswedstryd
'n Leerder moet vir ten minste 2 agtereenvolgende jare deel van die koor wees om te kwalifiseer (slegs graad 10 -12 leerders)

3.2 **Volkleure**

3.2.1 Top 3 posisies van ‘n nasionale kompetisie.
‘n Leerder moet vir ten minste 3 agtereenvolgende jare deel van die orkes / koor / drumline wees om te kwalifiseer (slegs graad 11 -12 leerders)

3.2.2 Top 3 posisie van ‘n kategorie van ‘n internasionale kompetisie.
‘n Leerder moet vir ten minste 3 agtereenvolgende jare deel van die orkes / koor / drumline wees om te kwalifiseer (slegs graad 11 -12 leerders)

3.2.3 Koor: Aangewys as die beste ervare seunskoor by die Nasionale ATKV Applous-kompetisie.
‘n Leerder moet vir ten minste 3 agtereenvolgende jare deel van die koor wees om te kwalifiseer (slegs graad 11 -12 leerders)

4 KUNSWEDSTRYD / EISTEDDFOD

Accepted Eisteddfods: Helderberg, Tygerberg, Stellenbosch, Paarl Valley
Colours for eisteddfods will only be considered for learners that currently participate in relevant school activities (e.g. orchestra, choir, band, drumline, toneel, debating, debat of redenaars) unless no such activity is offered by the school.

4.1 Half colours

4.1.1 Winner of any category of an accepted eisteddfod.

4.2 Full colours

4.1.2 Winner of any two categories of different accepted eisteddfods in the same calendar year.

5 MUSIEK/MUSIC

Aanvaarde Eksamen-instansies: UNISA, Royal Schools, Trinity College of Music, ALMSA, London College of Music, Rockschool
Kleure vir musiek sal slegs oorweeg word vir leerders wat tans in relevante skoolaktiwiteite deelneem (bv. orkes, koor, band of drumline)

5.1 Halfkleure

5.1.1 Slaag Graad 7 of Graad 8 prakties
5.1.2 Slaag Graad 6 musiekteorie
5.1.3 Slaag Graad 5 of 6 prakties met lof (+80%)
5.1.4 Slaag Graad 4 of 5 musiekteorie met lof (+80%)
5.1.5 Gekies om aan ’n nasionale musiekkompetisie deel te neem, bv Artscape National Youth Music Competition.
5.1.6 Gekies om in ’n streekorkes te speel. (bv Hugo Lambrechts Simfonie-orkes, Hugo Lambrechts Blaasorkes, US of UK Blaasorkes)

5.2 Volkleure

5.2.1 Wenner van ’n provinsiale kompetisie bv Johann Vos / Pieter Kooij
5.2.2 Slaag Graad 7 of 8 prakties met lof (+80%)
5.2.3 Slaag Graad 6 musiekteorie met lof (+80%)
5.2.4 Verskyn vir twee agtereenvolgende jare op die UNISA ererol vir prakties
5.2.5 Speel in die Nasionale Jeugorkes, US of UK Simfonie-orkes of sing in die Nasionale Jeugkoor

5.3. **Erekleure**

5.3.1 Finale rondte van ’n nasionale musiekkompetisie (Hennie Joubert/ NYMC / Atterbury / Phillp Moore / ATKV).

5.3.2 Wenner van Hennie Joubert-toekenning vir gr 6 – 8 prakties. (UNISA)

5.3.3 Wenner van Hennie Joubert-toekenning vir Gr 4 – 6 teorie (UNISA).

5.3.4 Wenner van die Hugo Lambrechts Nasionale Concerto kompetisie

6 REDENAARS

6.1. **Halfkleure**

6.1.1 Top 10 by die semi-finaal van die provinsiale ATKV kompetisie

6.1.2 Wenner van ouderdomsgroep van die Oppie Tong Af provinsiale kompetisie of ontvang ‘n gradering van A++.

6.2 **Volkleure**

6.2.1 Verteenwoordig die Wes-Kaap (WP/Boland) by die ATKV Finaal

6.2.2 Top 3 in hulle ouderdomsgroep (gr 10 – 12) by die nasionale Oppie Tong Af-kompetisie.

6.3 **Erekleure**

6.3.1 Aangewys as die beste taalgebruiker of wenner by die Nasionale ATKV Finaal.

7 TONEEL

7.1 **Halfkleure**

7.1.1 Deelneem in ’n toneelstuk wat deurdring na die finale ronde van ’n nasionale kompetisie.

7.1.2 Deelneem in ‘n toneelstuk wat plek behaal in die top 3 van ‘n streekskompetisie.

7.1.3 Deelneem in ‘n toneelstuk en by drie verskillende streekskompetisies ‘n goue toekenning in dieselfde kategorie ontvang.

7.2 **Volkleure**

7.2.1 Deelneem in ’n toneelstuk by ’n nasionale kompetisie wat in die top 5 eindig (uitsluitend tegnies)

7.2.2 Ontvang hoogste toekenning by ’n nasionale toneelkompetisie vir tegniese ondersteuning

7.3. **Erekleure**

7.3.1 Aangewys as die beste akteur of beste ondersteunende akteur by ‘n nasionale toneelkompetisie.

8 ORATORY

6.1. **Half Colours**

6.1.1 Winner of an age group at the provincial Tip of the Tongue competition or receives a grading of A++.

6.2 **Full Colours**

6.2.1 Top 3 position in age group (Gr 10-12) at the national Tip of the Tongue competition

6.3 **Honours**

6.3.1 Chosen as the best speaker at a National Competition.

Akademiese Aktiwiteite / Academic Activities

Nommer	Kultuuraktiwiteit	Naam van aktiwiteit op das
A1	Akademie	AKADEMIE/ACADEMICS
A2	Expo	EXPO
A3	Olimpiade/Olympiad	OLIMPIADE/OLYMPIAD
A4	Wiskunde/Mathematics	OLIMPIADE/OLYMPIAD

1. AKADEMIE

Afwesigheid: As 'n leerder afwesig is vir vakke tydens 'n eksamen, sal die daaropvolgende eksamen oorweeg word.

1.1 **Halfkleure**

1.1.1 Graad 9: Top 20 met 85% of hoër vir twee Graad 8-eksamens.

1.1.2 Graad 10-12: 75% of hoër in enige vier agtereenvolgende eksamens. Punte mag slegs een keer onder 75%, mits steeds bo 73%.

1.1.3 Nuwe Graad 10 of 11 leerder: Graad 9 of 10 November-eksamen van vorige skool, twee Graad 10 of 11 eksamens en Graad 11 of 12 Junie-eksamen kan gebruik word om te kwalifiseer.

1.2 **Volkleure**

1.2.1 Graad 11-12: 80% of hoër in enige vier agtereenvolgende eksamen vanaf Junie Graad 9. Punte mag slegs een keer onder 80% daal, mits steeds bo 78%.

1.2.2 Nuwe Graad 11 leerder: Graad 10 November-eksamen van vorige skool, twee Graad 11 eksamens en Graad 12 Junie-eksamen kan gebruik word om te kwalifiseer.

1.3 **Erekleure**

1.3.1 Gr 11-12: 90% of hoër in vier agtereenvolgende eksamens vanaf Junie Graad 9. Punte mag slegs een keer onder 90% daal, mits steeds bo 88%.

2. EXPO

2.1 **Half colours**

2.1.1 Chosen to take part at the ISF (International Science Fair)

2.1.2 Awarded a gold medal at the Regional Expo.

2.2 **Full colours**

2.2.1 Awarded a gold medal at the ISF (International Science Fair)

3. OLIMPIADES

3.1 **Halfkleure**

3.1.1 Top 50 in die finale ronde van 'n goedgekeurde nasionale olimpiade/kompetisie.

3.2 **Volkleure**

3.2.1 Top 10 in die finale ronde van 'n goedgekeurde nasionale olimpiade/kompetisie.

3.3 **Erekleure**

3.3.1 Top posisie/wenner van die finale ronde van 'n goedgekeurde nasionale olimpiade/kompetisie.

4. MATHEMATICS

4.1 **Half colours**

4.1.1 Represents the Boland team at the Interprovincial Olympiad

4.2 **Full colours**

4.2.1 Participates in the third round of the SAMF Olympiad

4.3 **Honours**

4.3.1 Top 3 in the third round of the SAMF Olympiad.

AANHANGSEL A: Deel A

NOMINASIE VIR KLEURETOEKENING (DEUR KODEHOOF)
PAUL ROOS GIMNASIUM

Besonderhede van nominasie			
Datum			
Naam van nomineerder			
Volle naam van leerder (soos op sertifikaat moet verskyn)			
Klasseksie			
Merk asb. die afdeling van die aktiwiteit met 'n **X**.	Sport	Kultuur	Akademie

Voorgestelde toekenning	**(merk met 'n X)**
Halfkleure	
Volkleure	
Erekleure	
Spesiale toekenning*	

Kriteria waarvolgens leerder(s) kwalifiseer	
Naam van aktiwiteit	
Nommer van kriteria op beleid	
Beskryf prestasie behaal *	
Vir 'n spesiale toekenning staaf jare betrokkenheid, spanne, prestasies ens)	

Tipe bewyse aangeheg		**(merk met 'n X)**
a)	Amptelike e-pos van offisiële liggaam	
b)	Sertifikate/uitslae van offisiële liggaam	
c)	Afskrif van 'n offisiële webwerf waarop resultate verskyn	
d)	Foto's van leerders by 'n offisiële prysuitdeling.	
e)	Bywoning persentasie (slegs vir groeptoekenings)	

Ek beveel hierdie leerder(s) vir hierdie toekenning aan op grond van sy prestasie, gedrag en gesindheid, asook genoegsame deelname in die aktiwiteit.

_____
Geteken deur kodehoof

Slegs vir kantoorgebruik		
Die aansoek is: (merk met 'n **X**)	Goedgekeur	Afgekeur
Rede vir afkeuring:		

AANHANGSEL A: Deel B

LYS VAN NAME VIR KLEURETOEKENNINGS

*Soos wat op sertifikaat moet verskyn

Naam*	Van*	Graad	Seksie	Taal*	Halfkleure, Volkleure of Erekleure	Naam van aktiwiteit*	Persentasie bywoning (slegs vir groeptoekenings)	Aantal jaar betrokke by aktiwiteit (slegs groepstoekennings)	Goedgekeur of afgekeur (merk met √ of **X**)

AANHANGSEL B

AANSOEK VIR KLEURETOEKENING (DEUR LEERDER)
PAUL ROOS GIMNASIUM

Besonderhede van nominasie			
Datum			
Volle naam van leerder (soos op sertifikaat moet verskyn)			
Klasseksie			
Merk asb. die afdeling van die aktiwiteit met ‘n **X**.	Sport	Kultuur	Akademie

Voorgestelde toekenning	**(merk met ‘n X)**
Halfkleure	
Volkleure	

Beskrywing van prestasie	
Naam van aktiwiteit	
Beskryf prestasie behaal	
Lys betrokkenheid by Paul Roos aktiwiteite asook jaar van betrokkenheid.	

Tipe bewyse aangeheg		**(merk met ‘n X)**
a)	Amptelike e-pos van offisiële liggaam	
b)	Sertifikate/uitslae van offisiële liggaam	
c)	Afskrif van ‘n offisiële webwerf waarop resultate verskyn	
d)	Foto’s van leerders by ‘n offisiële prysuitdeling.	

Hiermee bevestig ek dat die bogenoemde inligting akkuraat en betroubaar is.

Die uwe,

_____

Leerder

Slegs vir kantoorgebruik		
Die aansoek is: (merk met ‘n **X**)	Goedgekeur	Afgekeur
Rede vir afkeuring:		